

Nuwe Lied Bediening

Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofprijsing tot ons God sodat baie dit sal sien en respekvol vrees en op Yahuah vertrou. Ps.40:3.

Yeshua is die Boom van die Lewe. Wanneer ons die Torah bestudeer moet ons onthou dat Yeshua, dié Gesalfde Een, die Lewende Torah is. Hy is die weg na die waarheid wat lewe gee – die Lewende Manna wat uit die hemel gestuur is en יהוה se Torah vervolmaak het. Sonder die Afgesonderde Gees wat in ons, en deur ons lewe, sal die geskrewe Torah net die dooie letter van die wet wees!!

Yeshua is die hart van die Vader!!

Parashah 14: *Va'era* – Hy het verskyn

Ek het aan Avraham, aan Yitz'gak en aan Ya'akov verskyn as El-Shaddai (Die Magtige God wat meer as genoeg is) en was Ek nie met My Naam, יהוה, aan hulle bekend nie? Ex. 6:3(2) PWL¹.

Torah: Exodus 6:3² tot 9:35.

Haftorah: Eseg. 28:25 tot 29:21.

Nuwe Verbond: Matt. 12:1-14; Mark. 12:26 en 27; Luk. 20:37 en 38; Joh. 8:58; Hand. 7:7, 17 en 35; Rom. 5:3; Rom. 9:14-17; Rom. 12:12; Hebr. 11:23-27; 1 Kor. 3:1-15; 2 Kor. 6:14-7:1; 2Pet. 2:4-11; Open. 18:1 tot 8.

Hierdie notas is aanvullend tot die vorige jare se notas vir Parashah 14 wat afgelaai kan word by: http://nuwelied.info/?page_id=1182

We are not diplomats but prophets, and our message is not a compromise but an ultimatum – A.W. Tozer.

Israel was the canvas on which יהוה was going to write His Torah – Anonymous.

Western culture has things a little backwards right now. We think that if we had every comfort available to us, we'd be happy. We equate comfort with happiness. And now we're so comfortable we're miserable. – Dean Karnaze.

To experience God's sufficiency, we must realize our own insufficiency! – Anonymous.

God het nie vir Israel van die Egiptiese slawejuk bevry om van hulle slawe van die wet (Torah) te maak nie, maar om van Israel 'n bruid te maak!

We need never shout across the spaces to an absent God. He is nearer than our own soul, closer than our most secret thoughts – A.W. Tozer.

¹ Alle teksverwysings is geneem uit PWL (Pad van Waarheid tot die Lewe) Vertaling (www.padwlewe.ch), behalwe waar anders vermeld. Om 'n kopie van die Bybel te bekom kan Gerrie Coetzee per e-pos by gerrie@padwlewe.ch gekontak word of telefonies by 074 361 2134.

² In die 1933/53 Afrikaanse vertaling, en sommige ander vertalings, is dit vers 2

Torah Bespreking

Hersiening

Die tweede boek van Mosheh, naamlik Exodus (*Sh'mot*) is die begin van die einde van Yisra'el se verblyf in Mitzrayim. Die volgende stap in God se Raadsplan van herstel is om Sy uitverkore volk, deur die hand van Mosheh, te bevry van die slawejuk van Mitzrayim en volgens die belofte van die verbond met Avraham, Yitz'gak en Ya'akov na die land Kena'an te neem (Gen. 15:13-21)!

Die voorspoed in Mitzrayim het meegebring dat Yisra'el hulle geestelike erfenis vergeet het! Hulle het die belofte van die beloofde land verruil vir die materiële en vir die tydelike! Die nageslag van Avraham, Yitz'gak en Ya'akov het hulle roeping en hulle eindbestemming as volk vergeet! Daarom moes יהוה ingryp en as te ware die “mat van gemaksgedrag en voorspoed” onder Yisra'el uitpluk. Die jarelange slawerny het Yisra'el weer op hulle geestelike roeping laat fokus!

Hierdie is ook 'n les wat ons elkeen ter harte moet neem, naamlik dat ons geestelike eindbestemming is belangriker as die materiële sukses van die huidige!

Aan die einde van verlede week se Torahskriflesing het Farao die versoek van Mosheh om יהוה se volk te laat gaan, sodat hulle vir God 'n fees in die wildernis kan hou, geweier. Daarom het 'n moedelose Mosheh terug na יהוה gegaan en gesê:

22“Meester, waarom het U skade op die mense gebring? Waarom het U my dan gestuur,
23 want sedert ek na Farao gegaan het om in U Naam (Karakter en Outoriteit) te praat, het hy skade aan hierdie mense gedoen en U het ook glad nie U volk gered nie?” Exo. 5:22 en 23.

Die verwagting waarmee Mosheh en Aharon na Farao gegaan het, het dus nie gerealiseer nie! Ons weet dat die werkslas van die Yisra'eliete ook vermeerder het na Mosheh en Aharon se aanvanklike versoek aan Farao, en hiervoor het die volk vir hulle verkwalik. Met vroeë onsekerheid het Mosheh terug na יהוה gegaan, maar God het Mosheh geantwoord:

Toe sê יהוה vir Moshe: “Nou sal jy sien wat Ek aan Farao sal doen, want as gevolg van 'n sterk hand sal hy hulle laat gaan en as gevolg van 'n magtige arm sal hy hulle uit sy land uitdryf.” Exo. 6:1.

El-Shaddai – Die Magtige God wat meer as genoeg is!

In hierdie week se Torahskriflesing word hierdie gesprek tussen יהוה en Mosheh voortgesit toe God aan hom gesê het:

3 Ek het aan Avraham, aan Yitz'gak en aan Ya'akov verskyn as El-Shaddai (Die Magtige God wat meer as genoeg is) en was Ek nie met My Naam, יהוה, aan hulle bekend nie?
4 Ek het ook My verbond met hulle vasgestel om aan hulle die land Kena'an te gee, die land waarin hulle as besoekers gebly het
5 en Ek het ook die gesug van die seuns van Yisra'el gehoor wat deur die Mitzrayiete in slawerny gehou word en Ek het My verbond onthou.

⁶ Sê daarom vir die seuns van Yisra'el: 'Ek is יהוה en Ek sal julle onder die las van die Mitzrayiete uitbring en julle red uit hulle slawerny. Ek sal julle loskoop deur 'n uitgestrekte arm en deur groot oordele.

⁷ Ek sal julle vir Myself as volk neem en julle God wees en julle sal weet dat Ek יהוה, julle God, is wat julle uitbring onder die las van die Mitzrayiete

⁸ en Ek sal julle bring in die land waarvan Ek My hand opgelig het, om dit aan Avraham, aan Yitz'gak en aan Ya'akov te gee en Ek sal dit aan julle as 'n besitting gee. Ek is יהוה." Exo. 6:3-8 (Exo. 6:2-7 – AOV).

Hiermee het יהוה vir Mosheh herinner dat Hy El-Shaddai is – Die Magtige God wat meer as genoeg is! God het ook die verbond met Avraham bevestig, naamlik om aan sy nageslag die land Kena'an te gee. Daarom het God vir Mosheh die versekering gegee dat Hy:

- יהוה-God is wat hulle van die Mitzrayietise slawejuk sal bevry deur 'n uitgestrekte arm en deur groot oordele.
- Hy sal Yisra'el vir Homself as 'n volk neem en hulle God wees op so 'n wyse dat hulle sal weet dat Hy יהוה hulle God is.
- En laastens bevestig יהוה dat Hy vir Yisra'el sal bring in die land waarvan Hy Sy hand opgelig het, om dit aan Avraham, aan Yitz'gak en aan Ya'akov te gee.

En ons weet dat יהוה is nie 'n mens dat Hy sal lieg nie – dit wat Hy sê sal Hy doen (Num. 23:19)!

Die Magtige God is nie 'n man dat Hy sou lieg nie, of 'n mensekind dat Hy jammer sal wees nie. Het Hy gesê en sal dit nie doen nie, of het Hy gepraat en sal dit nie waar maak nie?

In hierdie week se Torahskriflesing leer ons van die eerste sewe van die tien strafgerigte teen Mitzrayim!

Bepeins of Bespreek

1. Het Vader deur Sy Afgesonderde Gees ook al vir jou 'n opdrag gegee wat jy uitgevoer het, maar dit was nie suksesvol nie, want jy het teenkating en verwerping ondervind? Dit is dan wanneer twyfel en moedeloosheid neig om die oorhand te kry. Dit het met Mosheh gebeur – by meer as een geleentheid. Dikwels gaan ons na geliefdes en vriende met die waarheid aangaande byvoorbeeld Shabbat, die Feestye, Kersfees en "Easter" en dan word ons nie geglo nie en word ons selfs verwerp! Maar onthou Mark. 6:11! Word jy ook terwille van die waarheid gehaat (Luk. 21:17; Joh. 15:18, 23-25)?

Hoekom Tien Oordele?

Hoekom het God vir Mitzrayim met tien oordele (plae; strafgerigte) gestraf?

Eerstens is dit interessant om daarop te let dat die Hebreeuse letter *yud* (*yod*) se numeriese waarde tien is en dat die piktogram van hierdie letter 'n arm en hand is. Dit herinner ons aan God se woorde in Ex. 6:6 en 7:4, naamlik:

⁶ Sê daarom vir die seuns van Yisra'el: 'Ek is יהוה en Ek sal julle onder die las van die Mitzrayiete uitbring en julle red uit hulle slawerny. Ek sal julle loskoop deur 'n **uitgestrekte arm** en deur groot oordele.

4 Wanneer Farao nie na julle luister nie, dan sal Ek **My hand** lê op Mitzrayim en My leërmag, My volk, die seuns van Yisra'el, deur groot oordele uitbring uit die land van Mitzrayim.

Die getal 10 is ook die universiële basis van die numeriese stelsel. Het jy al ooit gewonder hoekom dit universieël aanvaar word dat aftellings (loodsings, nuwe jaar, ens.) by 10 begin? Die rede is dat die getal 10 simbolies van orde en voltooiing is, asook dat 'n punt van groot verandering en erns bereik is. Die volgende is enkele bewyse van die getal tien in die Afgesonderde Skrif:

- ❖ Die 10 Gebooe.
- ❖ Die 10 oordele van Mitzrayim.
- ❖ Die 10 Maagde (Matt. 25).
- ❖ Die gelykenis van die 10 diensknegte en die tien ponde (Luk. 19:11-28).
- ❖ Die 10 ongeregtighede van 1Kor. 6:10.
- ❖ Die gee van tiendes.
- ❖ Die pesaglam wat vanaf die 10^e Nisan ondersoek moes word.
- ❖ Noag was die tiende geslag vanaf Adam.
- ❖ Yisra'el het God 10 keer in die wildernis versoek (Num. 14:22).

Met die tien oordele was Yisra'el se verblyf in Mitzrayim dus “voltooi” en was 'n gebeurtenis van groot verandering in die geskiedenis van Yisra'el bereik.

Ons kan ook die antwoord hoekom Mitzrayim met tien oordele getref was, vind in die eerste hoofstuk van Genesis waar God se Gees oor die oppervlak van die aarde gehang het (Gen. 1:2) en God alles deur Sy Woord geskape het. Dawid herinner ons hieraan in Psalm 29:

³Die stem van יהוה is oor die waters, die God van eer, lof en aanbidding donder; יהוה is oor baie waters.

⁴Die stem van יהוה is kragtig; die stem van יהוה is vol majesteit.

In Genesis 1 lees ons tien keer dat “God het gesê”! (Gen 1:3, 6, 9, 11, 14, 20, 24, 26, 28-29). God het gesê en dit was volgens Sy Woorde!

Elkeen van die tien oordele oor Mitzrayim was egter 'n teenbeeld – die die negatiewe – van God se Skepping. Dit beteken dat יהוה vir Yisra'el so lief gehad het dat Hy selfs bereid was om Sy Skepping *tydelik ongedaan te maak!*

Daarom word die woorde wat God deur Mosheh vir Farao net voor die sewende plaag gesê het (Ex. 9:16), verbind met die woorde wat God gespreek het toe Hy alles geskape het. Vir Farao het God gesê:

Daarenteen, vir hierdie doel het Ek jou laat agterbly, om My krag vir jou te wys en My Karakter en Outoriteit op die hele aarde te verklaar.

Die tien oordele was om God se krag vir Farao te wys en God se Karakter en Outoriteit op die hele aarde te verklaar! יהוה is Skepper-God wat alles wat Hy geskape het kan vernietig en weer kan herskep! Hy is El-'Olam; die Ewige Magtige God!! “Hy tel die getal van die sterre; Hy noem hulle almal by die naam. Ons Meester is groot en Sy krag is groot; Sy insig is oneindig” (Ps. 127:4-5).

Hardheid van hart

Hierdie is ‘n herhaling en hersiening van vorige notas, omrede daar verwarring is, en ‘n verkeerde verklaring gegee word, oor wat dit beteken wanneer God in Ex. 7:3 sê dat Hy Farao se hart sal verhard.

Ék sal Farao se wil, emosie en verstand verhard sodat Ek My tekens en wonderwerke in die land van Mitzrayim kan vermenigvuldig. Exo. 7:3.

Vir die meerderheid gelowiges dien hierdie teksvers as bewys dat God die wil van die mens kan verander! Sommige gebruik dit selfs as bewys van die uitverkiesingsleer! Maar is dit waar? Besluit God wie se hart Hy gaan verhard? Kan God die mens se wil verander of is die wil van die mens soewerein? Kan God slegs omstandighede skep wat die mens se wil kan beïnvloed om te wil verander? Was dit die doel van die tien oordele (plae)?

Alvorens ons die betekenis van Ex. 7:3, en ander soortgelyke teksverse, verduidelik, moet ons eerstens verstaan, en soos voorheen bespreek is, dat יהוה se tien oordele ook van Sy onverdiende guns getuig, want sou Farao na die eerste twee of drie oordele aan Mosheh se versoek toegegee het, sou Mitzrayim gespaar gewees het van ekonomiese, politieke en militêre ramp! God het met elke oordeel vir Farao ‘n keuse gegee. Farao en Mitzrayim se lot was in sy eie hande gewees!

Maar die gedagte dat die tien oordele nie net God se strafgerigte is nie, maar ook van God se onverdiende guns getuig, maak nie sin in die lig van die feit dat God sê dat Hy Farao se hart sal verhard nie. Tien keer lees ons dat God die hart van Farao, en selfs dié van sy dienaars, sal verhard (Exodus 4:21; 7:3; 9:12; 10:1, 20, 27; 11:10; 14:4, 8, 17). Wanneer hierdie ‘toestand’ (gesindheid) van Farao se hart beskryf word, word die woord *verhard* telkens gebruik, maar volgens die Hebreeus word daar drie verskillende woorde gebruik, naamlik:

- ❖ *chazag*, wat *versterk* (*sterk maak*) beteken.
- ❖ *kaved*, wat *dwaas*, *bot*, *swaar*, *hard* en *bedroef* beteken.
- ❖ *qashah* wat *dig*, *taai*, *swaar*, *wreed*, *hardkoppig* en *hardnekkig* beteken.

In Ex. 7:3 word *qashah* gebruik en in Ex. 10:1 word *kaved* gebruik, maar in al die ander teksverse word die woord *chazag* gebruik wat *versterk* beteken. Derhalwe sê Torah agt keer vir ons (Exodus 4:21; 9:12; 10:20, 27; 11:10; 14:4, 8, 17) dat יהוה die hart van Farao sal versterk! Met ander woorde, dit wat in Farao se hart was, naamlik die gesindheid van sy hart, was deur God versterk (sterk gemaak). Die feit dat die woord *verhard* en *hart* saam gebruik word beteken ook dat God die wil van Farao versterk het! God het dus nie vir Farao op ‘n bonatuurlike wyse “gedwing” om iets te doen wat teen sy wil was nie! Nee, God het slegs dit wat reeds in Farao se hart was, versterk!

Farao se hardheid van sy hart – sy wil – was dus verder verhard. Sou Farao egter ‘n hartsgesindheid van berou getoon het, sou hierdie gesindheid wel ook deur die onverdiende guns van God versterk geword het. Daarom was die tien oordele ook waarskuwings en die doel was juis om Farao se hart te ‘versag’.

Die mens se hartsgesindheid bepaal hoe daar op God se Woord (Torah) gereageer sal word. Dit kan vergelyk word met potklei en kerswas wat in die son geplaas word. Dit is dieselfde son, maar die resultaat is teenoorgesteldes – potklei word hard en die kerswas smelt. So kom dieselfde Woord van God na die mens, maar die een se hart word daardeur verhard, terwyl

die ander se hart sag word. Dit is dieselfde Woord, maar dit het teenoorgestelde reaksie tot gevolg – ‘n reaksie volgens die mens se eie keuse. Die doel van die tien oordele was juis om Farao se hart te versag – nie te verhard nie!!

Daarom sê Salomo in Spr. 28:14 –

Gelukkig is die man wat gedurigdeur respekvol vrees, maar hy wat sy verstand, wil en emosie verhard, sal in die boosheid verval.

God was nie daarop uit om Mitzrayim te verwoes nie, maar om hulle eerder ‘n kans te gee om hulle tot Hom te bekeer, terwyl Hy Sy krag en Sy bedoelinge aan Sy geliefde volk demonstreer! ‘n Demonstrasie dat יהוה ‘n God van onverdiende guns is, maar ook ‘n God van oordeel is!

Farao se hart was dus deur sy eie keuse verhard gewees. Dit was dus nie God wat Farao se hart verhard het nie. God verander nie die gesindheid van Farao (of van enige mens) nie, maar versterk slegs die gesindheid wat in die hart is, sodat dit aan die lig sal kom. Dit kan vergelyk word om vir iemand wat nie wil luister nie te sê: Nou maar toe, kry vir jou...!!

Waar ons lees dat Farao sy eie hart verhard het (Exodus 8:15; 8:32 en 9:34) word die woord *kaved* (*dwaas, bot, swaar, hard*) gebruik. Hiervolgens is dit duidelik dat Farao self verantwoordelik was vir die verharding van sy hart en dat God bloot die keuse van Farao versterk het – naamlik dit respekteer het, want die mens se wil is soewerein. Hardheid van hart, met ander woorde hartsgesindheid, is die mens se eie keuse.

יהוה het die mens geskape met die vryheid van keuse (met ‘n vrye wil) en daarom sal Hy die mens se vryheid van keuse altyd eerbiedig. Vryheid van keuse moet egter binne die wil van God, soos deur Sy Torah uiteengesit word, funksioneer. Die mens se vrye wil moet dus ondergeskik wees aan God se wil. Buite hierdie realm sal God die mens se hart – die mens se keuse – versterk (verhard). Wat met Farao en Mitzrayim gebeur het is dus net Farao se eie skuld!!

Die doel van vrye keuse is om die mens die geleentheid te gee om deur die regte keuses nader aan sy Skepper-God te kan beweeg. Ons vryheid van keuse word volmaak wanneer ons die wil van Vader-God as ons eie wil aanvaar. Charles Spurgeon het gesê: *When your will is God's will, you will have your will.*

Die doel van God se strafgerigte is dus om die mens tot die besef te bring van die noodsaaklikheid om sy hartsgesindheid te verander. Soos reeds gesê kan God nie die wil van ‘n mens verander nie, maar kan wel deur strafgerigte en tugtiging, asook op ander wyses, soos deur tekens en wonders, probeer om die mens te beïnvloed om ‘n hartsverandering te wil ondergaan om terug te draai tot ‘n leefwyse van vertroue in en gehoorsaamheid aan God.

Sou Farao deur enige van die oordele of tekens en wonders uit vrye wil ‘n hartsverandering van ware berou ondergaan het, sou die onverdiende guns van God die hart van Farao versterk het en Hy sou Yisra’el toegelaat het om te trek. Dan sou dit nie vir God nodig gewees het om Mitzrayim ‘n ekonomiese, ‘n politieke en ‘n militêre nekslag toe te dien nie.

Onthou: God kon in een oomblik en deur een enkele gebeurtenis die hele Mitzrayim uitgewis het! Die feit dat Hy dit nie gedoen het nie, getuig van God se liefdevolle omgee. Onthou: God het geen behae in die sterwe van ‘n sondaar nie.

Het Ek enige behae in die dood van die bose oortreder,” verklaar יהוה-God, “eerder as dat hy sal wegdraai van sy lewenswyse af en leef? Eseg. 18:23.

Sê vir hulle: ‘So waar as Ek leef,’ verklaar יהוה-God, ‘Ek het geen behae in die dood van die bose nie, maar eerder dat die bose wegdraai van sy lewenswyse en leef. Draai terug, draai terug van julle bose lewenswyses! Waarom wil julle dan sterf, o huis van Yisra’el?’ Eseg. 33:11.

Dit is die begeerte van God dat alle mense gered moet word en tot kennis van die waarheid kom (1Tim. 2:3-4). Die besef dat God geen vreugde vind in die dood van sondaars nie, dien ook as waarskuwing dat ons nooit verheug moet wees oor die lot of dood van die goddelose nie, **insluitend ons vyande!**

Ons is die diensknegte (Verbondslaaf) van יהוה en van Sy Torah om as getuienis vir die wêreld te dien. Elke mens is ‘n skepsel van God en daarom moet ons God se liefde aan elkeen, insluitend ons vyande, demonstreer.

Dan moet ons ook onthou dat ons nie slegs terwille van onself Torahgehoorsaam leef nie, maar ook terwille van die wêreld om ons, insluitend ons vyande. Nie alles wat met ons gebeur is terwille van onself nie! Onthou dat alles wat met Yisra’el gebeur het, was terwille van ons (1 Kor. 10:6).

Deur vertrou in Yeshua as dié Gesalfde Een, en deur gehoorsaamheid aan die Torah van die nuwe verbond, het ons inderwaarheid onself bereidwillig verklaar dat God deur ons die mense om ons kan bereik. Daarom kan dit gebeur dat God by tye ons kan vra om vervolging, lyding, gebrek, ensovoorts terwille van ander te verduur. Dit is juis vir die doel wat God Yisra’el gekies het. Hulle is gekies as voorbeeld en waarskuwing aan ons op wie die einde van dae gekom het (1Kor. 10:1-11); totdat die volheid van die ander nasies ingegaan het en die hele Yisra’el gered sal word (Rom. 11:25-26).

Ons Torahgehoorsaamheid soos dit in Yeshua vervolmaak is, dien ook as vervulling van die profesie in Jer. 31:33 en soos in Heb. 8:10 bevestig word:

“Hierdie is die verbond wat Ek ná dié dae sal gee vir die huis van Yisra’el,” sê יהוה: “Ek sal My wette in hulle begrip gee en dit op hulle verstand, wil en emosie skryf en Ek sal vir hulle ‘n God wees en hulle sal vir My ‘n volk wees”

Bepeins of Bespreek

1. Aangesien God nie die hartsgesindheid van ‘n persoon kan verander nie, maar slegs omstandighede skep om ‘n persoon te probeer beïnvloed, is die vraag: Maak dit sin om te bid dat God die hart van ‘n persoon moet verander of moet ons eerder vra dat God die omstandighede sal skep om ‘n persoon te beïnvloed om sy harde hart te verander?
2. Het ons almal nie steeds ‘n stukkie van Farao in ons nie? Hoe verder ons buite God se wil beweeg, hoe meer sal ons harte verhard. Onthou: Die ‘afstand’ (geestelike gemeensaamheid) tussen ons en Vader-God word deur ons bepaal. Elke tree van ongehoorsaamheid is ‘n tree weg vanaf die waarheid en ‘n toename in die hardheid van hart.
3. In die lig daarvan dat die tien plae nie net יהוה se oordeel (strafgerigte) is nie, maar ook van Sy liefde en onverdiende guns teenoor Mitzrayim getuig, asook gesien in die lig daarvan dat יהוה geen behae in die sterwe van ‘n sondaar het nie, kan ons wel vra hoe teksverse soos Mal. 1:2 en 3, asook Rom 9:13, waar dit sê dat יהוה vir Ya’akov lief gehad het, maar vir Esav gehaat het, dan verklaar moet word? Hierdie teksverse veroorsaak verwarring en selfs misleiding soos byvoorbeeld die uitverkiesingsleerstelling. Bepeins of bespreek dit in die lig van ondermeer teksverse soos Matt. 22:37-39; Luk. 14:26; Joh.

12:25 en 1Joh. 2:9 en 11. Is die betekenis van *haat* nie om minder lief te hê nie, maar steeds lief te hê? Is die Skrif se definisie van haat anders as wat ons as haat verstaan? Albert Barnes' "Notes on the Bible" verduidelik dit soos volg:

It was common among the Hebrews to use the terms "love" and "hatred" in this comparative sense, where the former implied strong positive attachment, and the latter, not positive hatred, but merely a less love, or the withholding of the expressions of affection; compare Gen. 29:30-31; Pro. 13:24, "He that spareth his rod hateth his son; but he that loveth him chasteneth him betimes;" Mat. 6:24, "No man can serve two masters, for either he will hate the one and love the other," etc.; Luk.14:26, "if any man come to me, and hate not his father and mother, etc."

4. Die mens wat nie die wil van יהוה, en Sy Torah soos in Yeshua vervolmaak is, in totaliteit aanvaar nie, is 'n vyand van God. Verwys Rom. 8:5-8, veral vers 7 – die gedagtes van die vlees is vyandskap teen God, **want dit is nie gehoorsaam aan die wet van God nie**, want dit is ook nie moontlik nie (Verwys ook Titus 1:16). Hiervolgens is iemand wat weier om die vierde gebod van Shabbat te gedenk en af te sonder, 'n vyand van God wat in die vlees is en God nie tevrede kan stel nie (Rom. 8:8; Gal. 5:17).
- Om God waarlik lief te hê is om in alles gehoorsaam te wees (Joh. 14:22 en 23). Ongehoorsaamheid is ongeregtheid (sonde – 1Joh. 3:4) en is om God te haat!! Lees Deut. 7:10; Ps. 5:6; Ps. 11:5-7. Onthou: Ons kan nie twee meesters dien nie (Matt. 6:24). God laat Hom nie bespot nie, want dit wat jy saai, sal jy..... (Gal. 6:7 en 8). Saai jou eie wil en dit wat jy oes, is 'n hardheid van hart.

-o-o-o-o-o-o-o-o-

Ontvang יהוה se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).

Shabbat Shalom!
Johan.

Epos: kontak@nuwelielied.info
Webwerf: <http://www.nuwelielied.info>

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.